Saldru copy

SALDRU FARM LABOUR CONFERENCE

SEPTEMBER 1976

Paper No. 52

Plaasarbeid in Bonnievale

L. van der Merwe



. Preliminary Draft : No portion of this paper may be quoted without permission of Saldru School of Economics, University of Cape Town.

Hierdie memorandum is slegs 'n kort opsomming van my eie ondervinding en sienswyse as boer in Bonnievale met verwysings na algemene omstandighede in my omgewing.

Ons boer baie intensief met wyndruiwe, inmaakvrugte, groente en skakel veeboerdery in, vir vleisproduksie en die produksie van nywerheidsmelk. Alles word onder besproeiing verbou op plus minus 4200 hektaar.

Hieruit blyk dit dat ons boerdery uiters arbeidsintensief is en arbeiders van 'n goeie gehalte 'n vereiste is. Weens die verskeidenheid van boerderyvertakkings moet die arbeidors vertroud wees met baie soorte werk en die vermoë besit om dikwels van een tipe werk oor te skakel na 'n ander werk - soms op dieselfde dag. Hier is die bruin arbeider baie meer aanpasbaar as die swartman.

Ons arbeidsmag bestaan dan ook uitsluitlik uit bruinmense. (100% in my eie geval). Tekorte word aangevul met tydelike arbeid uit die Transkei.

Om mededinging met die boere in seisoenstyd uit te skakel, gebruik ons Ko-operatiewe Wynkelders hoofsaaklik swart arbeid gedurende oestyd. Plaaslike bruin arbeiders is in elk geval tot 'n hoë mate in vaste werk.

<u>Meganisasie</u> het tot 'n redelike mate die arbeidsposisie verlig, deur die moeilikste en mees ongeskoolde werk nl. werk met 'n graaf, tot 'n baie groot mate uit te skakel. Onkruiddoders vervang nou hierdie tipe werk in 'n toenemende mate.

Die uitskakeling van hierdie graafwerk deur onkruiddoders, wat goedkoper is en 5 - 10% van die tyd in beslag neem, was vir my die grootste faktor wat tot hoër lone en beter en minder arbeidors bygedra het. Veral met behuising is minder arbeiders vir ons boere 'n geweldige besparing aan Kapitale uitgawe wat eintlik weer vir hoër lone aangewend kan word.

Ten spyte hiervan bly ons boerdery steeds baie arbeidsintensief en word vir ongeveer elke 3 hektaar gemiddeld 1 arbeider per jaar benodig. Hierdie syfer kan wissel volgens die samestelling van bedryfstakke.

Opleiding van arbeiders word al belangriker. Dit geskied hoofsaaklik op die tradisionele metode deurdat die arbeiders met hierdie tipe werk grootword en min van omgewing verwissel.

Kromme Rhee opleidingsentrum word toenemend gebruik met goeie gevolge. Hulle tree beslis meer verantwoordelik op, deels omdat formele opleiding aan hulle beroep meer status gee. 'n Voormanskursus rond 'n belowende arbeider bv. af om groter verantwoordelikheid te aanvaar vir 'n sekere afdeling van jou werk bv. besproeiing.

Plaasgroottes speel 'n groot rol by bevordering van arbeiders en in loondifferensiasie. Die grootste deel van die plase het 15 - 20 hektaar onder besproeiing. Die grootste plase is ± 70 hektaar. By groot sowel as kleiner plase het dit in die afgelope jare gebeur dat boere in die omgewing tot 'n groot mate plase bygekoop het en die getal boere dus daal. Op die kleiner eenheid met 4 - 5 arbeiders is dit prakties moeiliker om verskille in lone en verantwoordelikheid te maak omdat almal altyd dieselfde werk doen en die boer self vir meer ingewikkelde reëlings sorg. Goeie algemene lone hoef nie hierdeur benadeel te word nie, omdat die toesig goed is en goeie werkverrigting verkry word.

By die groter eenheid is delegering van gesag noodsaaklik. Hieruit vloei weer die bevorderingsmoontlikhede van die bekwame man wat dien as motivering vir die arbeider.

Om hierdie rede is die blanke voorman besig om te verdwyn en word sy salaris in die bruin arbeiders belê, met baie goeie gevolge. Die blanke beklee almeer die bestuursposisie op die groot eenhede, eerder as die voormansposisie op 'n eenheid van redelike grootte.

Gevangenisarbeid word nie gebruik nie, behalwe waar 'n man op parool uitgelaat is en hy dan gewoonlik weer by sy werkgewer inval.

Vrouens word baie ingeskakel by die werk. My eie boerdery is so ingedeel dat ek hulle amper voltyds van werk kan voorsien. Die distrik is goed voorsien van plaasskole met 'n nuwe skool tot Std. 5 op Bonnievale.

Geen onluste het voorgekom nie en die bruinmense het self hulle skool opgepas.

Die skoolkinders doen vakansiewerk op die plase asook soms in die middag bv. met oestyd.

Al die bruin kinders gaan nou skool toe. Dit is dus baie belangrik dat plaasarbeid 'n hoër status en besoldiging verkry, anders sal ons oor 'n aantal jare gladnie met nywerhede kan meeding nie. Hierdie argument is veral geldig vir die beter gehalte arbeider.

Tans het die distrik geen arbeidstekort nie buiten geïsoleerde gevalle. Ongeveer 10 - 12 jaar gelede was daar 'n groter tekort a.g.v. baie streng maatreëls wat volgens die letter van die wet toegepas is m.b.t. swart arbeiders. Tans is hier 'n beperkte aantal swartes en die arbeidsposisie gestabiliseer.

Lone. Van 1972 tot 1975 het die K.W.V. realistiese aanpassings in die minimum prys van wyn gemaak. Dit het gevolg na deeglike produksie-koste studies waaruit geblyk het dat die winsgewendheid van die Wynboer eintlik laag is, wat teenstrydig is met die idee wat in baie kringe geheers het.

'n Pleidooi tot hoër lone vir die plaasarbeider was 'n groot faktor by die vasstelling van nuwe wynpryse. Baie boere het dan ook gunstig hierop reageer. Ek wy nie hier uit oor kostestudies nie, omdat dit by die K.W.V. verkrygbaar is. Tans is daar 'n aansienlike verlaging

in/

in die Wynboer se inkomste, maar hy is tog genoodsaak om sy lone steeds te verhoog weens die styging in voedselpryse.

Loonvasstelling is absoluut vrywillig en groot verskille bestaan. Selfs mense wat relatief min betaal het genoeg arbeid. Ek dink dis deels omdat plaasarbeid ongeorganiseerd is en baie bruin mense ongemotiveerd is en hom verkieslik berus by sy posisie, veral as hy gelukkig is waar hy bly.

Loonsverhoging het ek nog altyd uit die beweging gegee en dit is blykbaar ook by my bure die geval, want ons bespreek dikwels lone. Ons het egter geen onderlinge reëling met mekaar nie.

Ons werk ~~is~~ 5 dag week teen 'n minimumtyd van 9 uur per dag in die winter d.w.s. van 7 vm. tot 6 nm. met 'n totaal van 2 uur rusperiodes.

Soos die dae langer word in die somer, word die ure langer tot 'n maksimum van 11 uur. Voorheen was die gebruik dat die loon maar diesolfde bly. Op sommige plase is dit nog so maar baie het vrywillig begin oortyd betaal. Ek doen dit in die vorm van 'n bonus in Desember en dan weer in April, gebaseer op die gemiddelde oortyd per dag, meer as 9 uur. Waar die langste dag dus 11 uur is, is die gemiddelde oortyd dus 1 uur per dag vir 8 maande. Toevallige oortyd in die winter of in naweke word weekliks betaal teen 'n heelwat hoër tarief as die vaste loon.

Minimum lone varieer van ongeveer R1-80 tot R2-50 per dag. Dit sluit nie bonusse in nie. Reëndae en vakansiedae asook afwesigheid weens siekte word in die meeste gevalle betaal tensy misbruik hiervan voorkom by enkelinge.

Ongeveer twee weke per jaar betaalde verlof word deur baie boere gegee, plus die tyd wat hulle op Kromme Rhee mag spandeer vir 'n kursus.

Arbeiders wat hulle onderskei, verdien tot dubbeld hierdie bedrag. Waar moontlik word gebruik gemaak van stukwerk - veral in oestyd. Dit wen al meer veld en baie boere getuig dat oestyd nou 'n plesier is en min ekstra arbeid benodig word. Die betaling van bonusse met Kersfees en veral na oestyd is 'n algemene praktyk. Bedrae tot soveel as R50 of R100 per arbeider word na oes betaal, afhangende van prestasies gedurende die jaar.

'n Pensioenskema is nie algemeen nie omdat ons wag vir die voorgestelde skema van die Kaaplandse Landbou Unie.

Behuising het baie verbeter; veral nou met die gesubsidieerde huislenings word baie nuwe huise gebou. Die lening bedra R1850 vir 'n viervertrek huis met latrine plus R200 vir watervoorsioning plus R200 vir elektrisiteit. Die rentekoers is 1%.

Hierdie lenings is 'n geweldige hulp om die vier mure en die dak te bou. Om egter 'n ordentlike huis met badkamer, plafonne, binnedeure en water in die huis te bou, kos in die omgewing van R5000-00 as jy materiaal kan koop teen 'n goeie afslag en self toesig hou. Teen tenderprys sal so 'n huis van 100 vk. meter minstens R6000 kos.

My mense bly nou almal in sulke huise waarop hulle geen huur betaal nie. Hierdie voorbeeld is van toepassing in baie ander gevalle.

Ek het net een arbeider gehad wat nie hierby kon aanpas nie, sy huis verniel het, en dan nou ook my diens verlaat het.

Al rantsoene wat my arbeiders kry is oorpakke, waterskoene en mediese diens waarvoor ek betaal. Gereelde mediese behandeling kan hulle by die Kliniek of Distriksgeneesheer kostoloos verkry. Afwesigheid weens siekte is uiters laag.

Baie boere hou 'n plaaswinkel aan waar arbeiders omtrent al hulle kos teen 'n verlaagde prys kan koop omdat ons groot hoeveelhede aankoop.

Baie van ons het die dopstelsel geheel en al afgeskaf. As plaasvervanger kan hulle nou Vrydagaande 3 bottel wyn teen die minimum verbruikersprys by ons Ko-op. Kelder koop. Aangesien hulle gesamentlik koop is dit wettig binne die drankwet. Hierdie reëling verhoed dat hulle smokkelhuis toe gaan en dronkenskap op 'n Saterdagoggend is 'n uitsondering.

Water en hout is volop en kosteloos.

Die wat ondernemingsgees het maak tuin vir huisgebruik en hou gewoonlik een of meer varke aan. Waar suiwel 'n boerderyvertakking is, is melk goedkoop beskikbaar.

Verbetering in werksomstandighede en lone het in die afgelope 5 jaar geweldig baie verbeter uit vrye beweging van die boere.

Teenstrydig met wat so baie mense graag glo, het hoër lone nie groter drankmisbruik tot gevolg nie. As dit gepaard gaan met beter behuising, groter lewensbehoefte, meer verantwoordelikheid ens. is my ondervinding dat onaangename gevalle van misbruik omtrent nie meer voorkom nie en gewoontedrinkers hulle slegs af en toe te buite gaan.

Ten slotte is dit my opinie dat boere individueel 'n ver pad kan gaan om arbeidstoestande te verbeter, maar om plaasarbeid werklik mededingend te maak met nywerhede is regeringsinmenging nodig. Hoër lone is onvermydelik, arbeider sowel as werkgewer moet doeltreffender funksioneer en die verhoogde koste a.g.v. hoër lone moet in die algehele ekonomie opgeneem word.

Met ander woorde - die verbruiker wat tans die boere beskuldig van swak lone moet meer betaal vir sy kos as lone deur wetgewing verhoog word.